**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 844/2004

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

En

**ANDRIES BAARDMAN**

---

**CORAM:** **CILLIé *et* VAN DER MERWE RR**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **VAN DER MERWE R**

---

**GELEWER OP:** **18 JUNIE 2004**

---

[1] Die beskuldigde in die aangeleentheid is skuldig bevind aan diefstal en ingevolge artikel 276(1)(b) van Wet 51 van 1977 gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf waarvan ses maande gevangenisstraf opgeskort word vir vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging daartoe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

[2] Die skuldigbevinding is ooreenkomstig die reg, maar die vonnis

nie.

[3] Die opgelegde vonnis wek ‘n duidelike gevoel van skok. Die beskuldigde is ‘n 54-jarige eerste oortreder. Hy is werkloos maar doen tuinwerk teen betaling van R30,00 of R40,00 per dag. Hy is getroud, sy vrou werk ook nie en die egpaar het kinders waarvan die ouderdom wissel van 24 jaar oud tot 9 jaar oud. Drie van hierdie kinders is nog op skool. Beskuldigde is skuldig bevind aan diefstal van skrootmetaal ter waarde van slegs R98,45, wat in ieder geval teruggevind is. Nóg die getuienis dat die beskuldigde vroeër dieselfde dag gewaarsku is om die betrokke perseel te verlaat, nóg die algemene voorkoms van hierdie tipe misdryf waarop die verhoorlanddros veral klem lê, regverdig in hierdie omstandighede enigsins die oplegging van direkte gevangenisstraf.

[4] Na my oordeel is ‘n vonnis van ses maande gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is ‘n gepaste vonnis in al die omstandighede van hierdie saak.

[5] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig, maar word die opgelegde vonnis tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van ses maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir ‘n

periode van vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

**EK STEM SAAM**

**C.B. CILLIé, R**

/scd